

Inhoud Hierdie preek wys dat ons in die geloof leef in Christus se onsigbare liefde en sy vervulling van al God se ondernemings met ons lewe. Ons leef nie met geloof in die missies en vissie wat ons vir ons eie lewe sien nie. Wie leef in die geloof in hulle eie doelstellings en doelwitte sal deur die vernieling van hierdie pandemie die sigbare waarin hulle glo, verloor, moeg word en uitsak. Omdat ons in die onsigbare Christus glo, sal ons nie ons geloof in Hom verloor, moeg word en uitsak op die lewe nie, want Hy hou aan met ons en voltooi alles wat Hy met ons onderneem het vir en met ons.

Skriflesing Hebreërs 11: 1 – 10, 23 – 27. 12: 1 – 3.

Teks Hebreërs 12: 1 b, 2: “Daarom , laat ons die wedloop met volharding hardloop, die oog gerig op Jesus die Leidsman en Voleinder van die geloof. “

Tema Christus begin en voltooi God se onderneming met ons

1. Met die opbou van hierdie siekte en dood in ons omgewing kan ons weer die sekerheid hoor van God se onderneming om vir ons god te wees: Hy begin en voltooi alles wat Hy vir ons as God onderneem en onderneem wie ons vir Hom as God sal wees.

Dit is die vraag waarvoor hierdie dreigende en siekte ons weer 'n keer stel: leef ons uit die sekerheid van wat ons sien of van die sekerheid wat ons nie sien nie, die sekerheid van die onsigbare?

Die geloof in vers 1 is die geloof wat in hoofstuk 10: 22 op twee maniere beskryf. Eers as “volle geloofsekerheid, in die vers: “Laat ons daarom ingaan met 'n opregte hart, in volle geloofsekerheid, met ons harte besprinkel, vry van 'n slegte gewete, en dan ook as om styf vas te hou aan “die belydenis van ons hoop”, en hierdie hoop is dat die Here wat die belofte gemaak het om vir ons God te wees, en ons sy kinders te laat wees, getrou is.

Ons het die volle geloofsekerheid en vaste hoop – in die onsigbare! En die onsigbare wat ons nie met ons oë kan sien nie, is Jesus, die Leidsman, of Begin en Voleinder van ons geloof.

Daarom is die vraag waarvoor ons gestel word of ons i en deur hierdie siekte en dood besig is om te leef uit die sekerhede van wat ons sien of uit die volle geloofsekerheid in wie ons nie sien nie: Jesus Christus.

2. Covid-19 het die wêreld diep geskok en verlam in die lewenswyse van hierdie wêreld: om seker te wees van wat jy sien en uit die sekerheid van wat jy sien te voorsien!

Die sigbare dinge waaruit goddeloses en ongelowiges leef, is hulle visies en missies. Hulle doelstellings en doelwitte vir hulle lewe en optredes. Elke gemeenskapsinstelling het sulke visies en missies. Jy sien dit in elke staatsdienskantoor, in elke sakeonderneming en deesdae sien jy dit ook op die baniere en mure van kerke – ons visie en missie.

Hulle sien hulle doelstellings, wie en wat hulle wil wees en bereik, stel dan doelwitte op van wat hulle moet doen hoe om hul doelstellings te bereik, binne die beskikbare middele en kragte wat hulle sien.

Só leef hulle uit die sienlike dinge! Met volle geloofsekerheid in ons visies en missies! Jy moet in jou visies bly glo en aanhou glo, en jy moet bly aanhou met jou missies, jou optredes.

En toe kon die pandemie en keer alles omen stop alles wat mense met visies en missies gesien en voorsien het.

Daarom begin orals gebeur wat in Hebreërs 12: 3 beskryf word as om geestelik moeg te word en uit te sak op die lewe. Geestelik moeg omdat jy nie meer gemotiveerd en begeesterd besig kan wees met wat jy gesien en voorsien het vir jou lewe nie – want die siekte en dood het alles wat jy gesien en voorsien het, weg gevat.

3. Daarom moet u weer die unieke van ons as gelowiges se lewensingesteldheid ontdek in Hebreërs 11: ons leef nie uit wat ons sien nie en nog minder volgens wat ons voorsien!

Nie een van die gelowiges in Hebreërs 11 het 'n vissie en missie gehad!

Noag het nie die ark gebou uit wat hy gesien en voorsien het nie. Al wat hy gesien het is die boosheid van die goddeloses en hoe magtig hulle is om hulle self met geweld en wetteloosheid te laat geld. God het gekom en vir Noag 'n opdrag gegee vir dit waarvoor Noag geen beplanning gehad het nie.

Abraham het nie met sy eie doelstellings en doelwitte uit Harran na 'n vreemde land en mense getrek nie. God het hom net 'n opdrag gegee wat hy net moes uitvoer. Deur Abraham se hele lewe het God elke keer net sodat Abraham, in ons taal met sy eie planne begin het vir 'n eie lewe, weer gesê om weer op te pak en na die volgende onbekende plek te trek.

Net so ook met Moses! Moses het nie sy visie en missies met Israel uitgevoer nie, maar net elke keer god se opdragte uitgevoer. Opdragte waarin hy niks kon sien of voorsien wat God se raadsplan is en waarmee God besig was nie.

Net so min was Noag, Abraham of Moses mense wat voorbeelde is van om aan te hou glo in wat jy doen en aan te hou doen wat jy besig is om te doen nie!

Noag, Abraham en Moses het nie aangehou glo in wat hulle doen of glo nie, maar elke keer net weer geglo in wat god vir hulle gesê het en God vertrou het dat hy sal doen wat hy self beplan en onderneem as God.

4. Die onsigbare wat hulle geglo het – was die beloftes van god om God te wees en om hulle sy volk te laat wees. God het met hulle begin, het hulle gelei en god self het alles wat hy as God vir hulle wil wees en hulle vir Hom laat wees voltooi!

Dit is geloofsonthekking wat ons in Jesus Christus moet maak! Hy is die Leidsman en Voleinder van al die beloftes van God.

Dit is waaroor elke deel van Hebreërs 1 tot 10 gaan. Hebreërs 1 – 7 gaan oor hoe Christus al God se beloftes aan Dawid oor hoe God koning sal wees, waar maak. Hebreërs 8 – 10 gaan oor hoe God al die beloftes aan Abraham waar maak: die beloftes dat God ons uit die heidendom sal wegvat om sy volk te wees, ons van sonde reinig, ons 'n nuwe hart gee om God lief te hê en hoe God sy wet 'n nuwe wet vir sy kinders laat wees.

Dit is waarmee Christus begin, ons in lei en waarmee hy klaar maak: alles wie God vir ons wil wees en ons vir Hom wil laat wees.

Christus begin met God se beloftes vir ons, lei ons in die beloftes wat Hy vir ons waar laat wees in ons lewe en maak alle beloftes wat God met ons onderneem klaar. Hy begin en voer dit uit vir en met ons!

Dit is die onsienlike waarvan ons volle geloofsekerheid het – Christus wat met ons begin, aanhou en klaar maak. Hy begin, hou aan en voltooi dit vir ons dat ons altyd weggekeer uit die heidendom sy kinders in sy liefde is; hy begin, hou aan en sal dit klaar maak dat ons altyd vir God rein is; Hy begin, hou aan en sal dit voltooi dat ons altyd in God se liefde Hom kan lief hê.

En Christus stop nie met God se beloftes vir ons, wanneer ons doodgaan nie. Christus as Leidsman en Voleinder se dood was nie sy einde nie, maar sy verheerliking aan die regterhand van die Vader. Net so is ons voltooiing nie die dood nie, maar ons lewe met Christus wat uit die dood uit opgestaan het.

Paulus stel dit so: “Dan kom die einde,” wanneer Christus die dood vernietig het sodat God altyd alles vir altyd vir ons kan wees. So is Christus ons Voleinder!

5. God is nie soos die gode wat mense vandag opmaak nie. Alle menslik opgemaakte gode is gode met leë beloftes. Hulle sal aankondigings maak soos “God het jou lief en het 'n plan met jou lewe”; “God wil graag met jou 'n verhouding hê”, “God wil vir jou 'n oorvloedige lewe gee”; “God wil hê jy moet gelukkig, gesond, ryk en magtig wees” en dan moet jy die voleinder wees van hierdie gode se beloftes vir jou.

Deur alles wat jy moet doen, moet jy hierdie gode se beloftes oor hoe hy vir jou gode sal wees, self in jou eie lewe waar maak. So begin hierdie gode met jou met leë beloftes wat jy op die ou einde moet vervul in jou lewe.

Dit is presies die teenoorgestelde van wie die Here Jesus is as die Begin, die Leidsman en Voleinder. Hy is die Begin, Leidsman en Voleinder van die geloof in alles wie Hy as God vir ons is.

U mag dit nie só hoor dat Hy geloof in ons begin en geloof in ons aan die gang hou nie, so asof Hy net geloof skep en aan die gang hou nie. Hebreërs 8: 6 openbaar waarin is die Here die Leidsman en Voleinder met die woorde: “Maar nou het Jesus 'n meer verhewe bediening verkry, in die sin dat Hy ook Middelaar is van 'n

uitnemender verbond, wat op grond van uitnemender beloftes regsgeldigheid verkry het.”

Christus maak die uitnemender beloftes van God regsgeldig binne in ons lewe. Dit is hoe hy die begin, die Leidsman en voleinder van die geloof is. Hy maak die beloftes van God regsgeldig sodat ons kan glo in die beloftes wat regsgeldig gemaak is. Beloftes wat God doen wat Hy sê hy vir ons sal doen en wees.

6. Ons moet baie versigtig wees om nie van Hebreërs 11 'n lys van geloofshelde te maak nie. Geloofshelde wat vir ons wys wat jy alles kan doen en alles kan bereik as jy net in jouself glo en aanhou glo in wat jy doen nie.

Geloof is nie hoe jy sukses bereik teen die onmoontlike in nie. Dit gaan nooit oor die krag van geloof nie. Dit gaan oor hoe Christus onderneem om alles wat 'God vir jou is en wil wees, vir jou laat gebeur. Hy is nie Middelaar van jou geloof nie. Hy is Middelaar van God se ondernemings hoe om vir jou God te wees en hoe God sal sorg dat jy vir Hom kind sal wees.

Alles wat met Noag, Abraham, Moses en elke persoon wat in Hebreërs 11 genoem word, gebeur, gebeur nie omdat hulle glo nie. Dit gebeur omdat Christus vir hulle Here en God is. Deur hulle geloof was hulle seker dat God sal vir hulle God wees en het hulle God gehoorsaam en gedien, terwyl Christus alles wat God beloop het hoe om vir hulle God te wees, elke dag vir hulle in gelei en dit vir hulle voltooi het.

Christus wat God se ondernemings met en vir ons uitvoer, wat God se belofde lewe met ons in sy skepping verwerklik, is hoe Hy ons Leidsman en voleinder van die geloof is, die geloof dat God vir ons God sal wees in hierdie wêreld.

Omdat Christus as Leidsman en Voleinder Noag, Abraham en Moses versorg het, bewaar het, gelief het, in sy raadsplan gebruik het, diensbaar gehou het in alles wat Hy as Here besig was om te bewerk en te doen – kon hulle net in die geloof hulle lewe aanhou leef. Hulle kon in die geloof doen wat God hulle as opdrag en taak gegee het, omdat Christus besig was om vir en met hulle God te wees.

7. Dit is die geloof waarmee ons as gelowiges elke dag leef! Alles wat God my wil laat wees en wil laat doen binne sy raadsplan wat hy besig is om uit te voer, sal Hy met my begin en klaar maak. En God sal met my klaar wees wanneer hy my uit die dood laat opstaan sodat Hy vir altyd alles vir my sal wees!

En dit is alles onsienlik!

Christus as ons Here is, is onsienlik aan die regterhand van God die Vader! Christus wat besig is om Middelaar te wees van al God se beloftes vir my, is onsienlik! Alles wat God vir my onderneem en vir my sal wees, is nou op hierdie oomblik vir my onsienlik!

Onsienlik, maar verseker! Verseker omdat Christus ten volle betroubaar is om Here te wees. Daarom het ons ook volle geloofsekerheid in die onsienlike. Want ons geloofsekerheid is dat Christus getrou is as God om al God se beloftes regsgeldig in ons lewe vir ons te laat wees.

Hoe leef ons nooit nie?

Ons leef nooit só dat ons die onsienlike sien nie!

Deur ons geloof is ons ten volle seker van die onsienlike, Christus wat betroubaar is om in en deur alles die Leidsman en Voleinder van al God se belofte vir ons te wees. Daarom leef ons in volle geloofsekerheid sonder om die onsienlike te sien!

Christene leef nie uit wat hulle sien of voorsien nie, maar deur die onsienlike Christus te glo!

8. Wie leef volgens wat hulle sien en self voorsien – raak geestelik moeg en sak uit!

Hierdie is nie maar somer net liggaamlike moegheid, wat ons elke dag ervaar nie. Dit is nie somer net depressie, moedeloosheid en radeloosheid met myself en my eie gedagtes, gevoelens en planne, wat ons elkeen elke dag ervaar nie.

Dit is om geestelik moeg te word met en vir die lewe!

Daarom beteken uitsak ook nie somer net om op te hou waarmee ek besig is of agter te raak met die ondernemings waarmee ek besig is teenoor ander wat vooruit gaan nie.

Geestelik moeg word en uitsak beteken om jou geloof te verloor! Jou geloof in wie jy is en wat jy doen! Geestelik moeg word en uitsak beteken om op te hou glo in wie jy is en wat jy doen!

Wanneer en hoe gebeur dit volgens Hebreërs 11?

Deur te glo jy is volgens wat jy sien! Deur alles wat jy doen te doen deur wat jy vir jouself voorsien!

Dit is mos presies die teenoorgestelde van om te glo in die onsienlike! Om te glo jy is wie die onsienlike Christus jou laat wees en waarvoor die onsienlike Christus jou voor gebruik in sy raadsplan vir en met jou lewe. Wie Christus glo as Middelaar van al God se uitnemender beloftes om tot in die ewigheid vir ons altyd God te wees, is ten volle seker dat alles klaar sal wees wanneer God vir altyd alles vir my sal wees met die nuwe hemel en aarde.

Maar wanneer jy leef uit wat jy sien en voorsien, dan is alles klaar wanneer dit wat jy sien en voorsien, verdwyn en nie meer daar is nie. Want jy kan mos nie aanhou glo in wat jy sien, as wat jy sien verdwyn, wegraak, breek en opraak nie!

9. Dit is tog wat nou met ons besig is om te gebeur met hierdie pandemie! Alles wat ons met ons visies en missies, ons doelstellings en doelwitte, ons beplannings en vooruitskattings gesien het, het nou voor ons oë verdwyn!

Alles wat mense vir die toekoms gesien en voorsien het vir hulle self, het nou verander, weggeraak, gebreek en opgeraak!

Vir ons elkeen ook!

Maar die vraag is: het ons geglo in wat ons gesien het of glo ons in die onsienlike? Het ons in die geloof geleef in die toekoms wat ons gesien en voorsien het, of leef ons in die geloof in die onsienlike Leidsman en Voleinder van al God se beloftes?

Jesus Christus die betroubare Here!

Kon die Here se onderneming met Noag, Abraham en Moses verander het, weggeraak het, gebreek het of opgeraak het? Hulle planne en wat hulle gesien en voorsien het, het elke dag verander, klaar geraak, opgeraak en in hulle gemoed gebreek. Maar wat God besig was om met en vir hulle te wees, het God mee aangehou – dit is wat en in wie hulle geglo het deur alles heen.

10. Hierdie pandemie stel elkeen van ons weer 'n keer voor die werklikheid of ons met geloof gaan leef in wat ons sien en voorsien en of ons met die volle geloofsekerheid gaan leef dat Christus hierdeur ook ons Leidsman en Voleinder van al God se beloftes vir ons gaan wees.

Wat sien en voorsien ons op die oomblik in hierdie pandemie?

Siekte, dood, bankrotskap, armoede, werkloosheid, rewolusie, anargie en sosiale ellende! Dit is tog sigbaar en voorhande. Dit is wat ons sien en as jy dit nie sien nie, is jy nie besig om te kyk wat gebeur nie, want dit is regtig besig om te gebeur.

En as jy gewoon is om te glo in jouself en wat jy vir jouself sien en voorsien, hoe kan jy aangaan? Jy kan nie! Want alles wat jy gesien het en voorsien het, is klaar en of raak klaar. Daarom sal mense wat leef uit wat hulle sien en voorsien nou moeg word en uitsak. Nie net die gewone moeg word en stilstaan waarmee ons elkeen besig is nie, maar sal hulle hul geloof in die lewe verloor!

Wie glo in wat hulle sien en leef uit wat hulle sien, gaan nou hulle geloof verloor, moeg word en uitsak, want wat hulle gesien en voorsien het, het klaar geraak.

Maar ons leef met volle geloofsekerheid Ons sien nie die onsienlike nie, ons leef met volle geloofsekerheid in die onsienlike Christus!

11. Watter van die Here se onsigbare ondernemings met ons kan hierdie siekte en dood laat ophou, wegraak en opraak?

Dat Christus ons vir God se liefde volgens Hebreërs vervolmaak en geheilig het?

Dat ons liefde met alles wat ons nie kan wees nie, vir God heilig gemaak is?

Dat Christus ons Leidsman en Voleinder is om binne God se liefde vir altyd te leef?

Dat God ons in sy raadsplan sal gebruik en diensbaar hou vir wat Hy vir ons voorsien, soos en waar Hy ons dit gaan beskik en laat gebeur?

U kan gerus gaan kyk wat kon Noag, Abraham en Moses alles gesien het, wat ook klaar en opgeraak het, terwyl God nog steeds besig was met wat Hy vir hulle voorsien en hulle voor gebruik het.

Hulle het nie geglo in wat hulle gesien het vir hulle self nie. Hulle het in God as die onsienlike geglo – daarom het hulle nie geestelik moeg geword en uitgesak vir alles wat hulle gesien het om hulle gebeur nie.

Kom ons leef deur hierdie siekte en dood soos die Here ons nog altyd laat leef het, om seker te wees van die onsienlike wat Christus vir ons is en doen!

Ons het nog nooit gesien dat ons heilig is nie, maar ons is seker Hy laat ons heilig wees!

Ons sien nooit die volmaaktheid van ons Leidsman vir God nie, in teen deel, ons sien net ons onvolmaaktheid, maar ons leef in die geloof dat Hy ons liefde vir God volmaak laat wees!

Ons leef nog altyd in die geloof dat wat die Here met ons begin het sal hy klaar maak met die ewige lewe!

Kom ons leef net so uit die volle geloofsekerheid dat God vir ons God sal wees en alles sal laat wees wat Hy vir ons beskik het in sy liefde en raadsplan in en deur hierdie siekte en dood heen.

Dan sal ons nie geestelike moeg word en uitsak nie, al maak hierdie siekte ons ook fisies moeg en dood.

Kom ons leef met volle geloofsekerheid in Christus die onsienlike en nie deur wat wat ons sien nie!